

## LEESSTUK 1

# ATKV-vroue in Soweto woeker met hul talente

**MARENET JORDAAN**  
Soweto

1. Wanneer een van die vrouetakke van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging vergader, is die kofonie wat jy hoor allesbehalwe Afrikaans.

Buite die Chiawelo-gemeenskapentrum waar die ATKV-vroue van Soweto byeenkom, babbel jong mense in Sotho en Zoeloe en 'n taxi laat waai met kwaito-musiek. Ook in die vroue se werkkamer word Afrikaans soms nog maar versigtig benader.

2. “Aanvanklik was dit bra vreemd,” sê me. Nonkuleloko Xashimba oor haar lidmaatskap van 'n organisasie wat die Afrikaanse taal en kultuur bevorder. “Jy weet – oor die apartheid-dinge. Maar ek het besef ons moet een word. Wanneer ek as 'n swart mens iets het wat ek jou kan wys, dan moet ek. Jy as 'n wit mens ook.”

In dié gees het me. Suzi Mathola, wat al bykans sewentien jaar as administratiewe assistent by die

3. ATKV werk, sowat vyf jaar gelede besluit om 'n tak in haar eie gemeenskap te stig.

Vandag sit die vroue van Soweto daagliks in hul ATKV-projekkamer en handewerk doen waarmee hulle hul gesinne help onderhou. Talle van hulle was voorheen werkloos.

4. Volgens me. Helen Nene, ook 'n healtydse ATKV-werknemer en voorsitter van die Soweto-tak, wil dié vroue graag na hul eie gemeenskap uitreik en hul nuwe vaardighede deel.

Me. Lindiwe Ntombela vertel hoe sy armoede wil beveg met die werk wat sy as ATKV-lid doen.

“Ons hoop om as vroue 'n groter rol te speel,” verduidelik sy.

Voor haar op die toonbank lê 'n halfvoltooide handsak wat sy die oggend begin maak het. Op 'n ander tafel word van skoene tot kusingslope uitgestal. Dié handewerk van die Soweto-vrouetak word in hul eie woonbuurt en by groter ATKV-byeenkomste verkoop.

Ntombela is ook opgewonde oor die geleentheid om 'n ander taal aan te leer. “Jy kan nie mense van mekaar skei nie. As hier nou mense inkom wat net Portugees praat, moet jy dit ook leer.”

Sy geniet dit veral om Afrikaans te praat. “Lank terug was Afrikaans 'n tsotsi-taal.” Deesdae kom klop selfs haar kinders aan vir raad wanneer hulle nie hul Afrikaans-tuiswerk verstaan nie.

Mathola het 'n paar jaar gelede die behoefte by kinders in Soweto raakgesien om meer oor Afrikaans te leer. Sy en twee vrywilligers, mee. Pinkie Mosito en Marietjie Snyman, bied nou elke Saterdag ekstra klasse vir laer- en hoërskoolkinders in haar omgewing aan.

Hulle gebruik 'n ou vraghouer wat deur Biblionef aan die tak geskenk is as klaskamer. “Ons lees kinderstories en sing liedjies,” vertel sy. Soms help sy die kinders met tuiswerk. Of verduidelik die betekenis van woorde in die tydskrifte wat hulle saam lees.

Al het sy nie formele onderwysopleiding nie, glo sy die taalklasse wat sy by die ATKV geloop het, help haar om ander te help om 'n taal te leer. “Ek sê vir die mense Afrikaans is baie maklik – al die mense wat nie skool toe gegaan het nie, kan dit ook praat!”

[Uit: Die Beeld]

LEESSTUK 2

**lgfa**  
PRODUKSIES  
bied aan

# GROET DIE GROTMAN

Die langste solo stuk op Broadway!

met **Hannes Muller**  
In Afrikaans vertaal en  
verwerk deur **Koos Kombuis**  
Regie: **Sandra Prinsloo**

ROB BECKER SE  
**DEFENDING THE  
CAVEMAN**

**NOU IN  
AFRIKAANS!**

"HANNES MULLER  
MAAK VAN GROET  
DIE GROTMAN 'N  
WARE GENOTGROTT!"  
- MELD

"GROTMAN IS  
HEERLIK  
KOMIEK IN  
AFRIKAANS!"  
- Pappert

**ORAL  
UITVERKOOP!  
BESPREEK  
VINNIG!**

Broadway se suksesvolle komedie oor Mans & Vrouens

**"YOUR FACE HURTS FROM LAUGHING SO HARD!"** - SEATTLE POST-INTELLIGENCER

**JOHANNESBURG STADSKOUBURG  
TESSON TEATER**

**14-19 Maart 18-23 April 2006**

**Computicket: 083 915 8000 / www.computicket.com**  
Groepe meer as 10 @ afslag: Di (011) 648 7385 / 073 208 8483  
**www.grotman.com**

**RSG**  
SIN DIE 1980

**Beeld**  
Jou wêreld. Jou boeke.



**HUIS  
genoot**

**93.9**  
Oos-Kaap se  
Suid-Kaap se

[Uit: Die Beeld]



**LEESSTUK 3**



[Uit: Bataleur Books – Afrikaans 1<sup>st</sup> Ad. Taal Gr. 10.]

**LEESSTUK 4**

## Die SPELPLAN vir Trots Suid-Afrikaanse Week 21 – 28 September

Sê iets positief oor Suid-Afrika

**KOOP 'n Trots Suid-Afrikaanse LAPELTEKEN**

\* **KOOP** Trots Suid-Afrikaanse produkte en ondersteun werkskepping en/aktiewe deelname!

Verf die vlag op jou gesig

Sing die Volkslied

Maak tradisionele Suid-Afrikaanse geregte

Dradie groen en goud by elke sportgeleentheid

Hou 'n BRAAI

Besoek [www.proudlySA.co.za](http://www.proudlySA.co.za) vir NOG inspirasie

**sluit aan by ons nasionale span. Koop Trots Suid-Afrikaans en ondersteun ons spelplan vir verkskepping. Wys jou ondersteuning deur 'n lapelteken vir net R5 te koop, ter ondersteuning van die Thusanang Ontwikkelings- en Opleidingsprojek. Beskikbaar by alle Nedbank en Old Mutual takke.**

Trots Suid-Afrikaans Stigtersborge

Trots Suid-Afrikaans Strategiese Vennote

Stigter Uitsaai Vennoot

Trots Suid-Afrikaans Tel: (011) 327 7778 Faks: (011) 327 3844 E-pos: [members@proudlysa.co.za](mailto:members@proudlysa.co.za) Webwerf: [www.proudlysa.co.za](http://www.proudlysa.co.za)